Sowat 20 mense neem gister in Melkbosstrand deel aan Solidariteit se protesaksie teen misdaad. Foto: CHESLYN ABRAHAMS

Polisie 'kan méér doen teen misdaad'

KOBUS PRETORIUS *en* JAN GERBER
Stellenbosch

"Ons is moeg vir misdaad."

Dit was die boodskap van Wes-Kapenaars wat gister aan die vakbond Solidariteit se landswye protesaksie deelgeneem het.

In Melkbosstrand het me. Erika Botha-Rossouw, 'n streekorganiseerder van Solidariteit se Helpende Hand en 'n plaaslike inwoner, 'n groepie van sowat 20 inwoners na die polisiekantoor gelei.

Sy het 'n memorandum aan kapt. Themba Wilson Khumalo, stasiekommissaris in Melkbosstrand, oorhandig om aan die regering te sê hulle is nou moeg vir misdaad en bloed.

"Ons wil aan die gemeenskap sê hulle moet betrokke raak by die stryd teen misdaad."

Sy het bygevoeg hulle is baie tevrede met die samewerking en manier waarop die polisie die optog hanteer het.

Khumalo het gesê dit is goed dat die gemeenskap betrokke raak in die stryd teen misdaad.

"Die polisie het die gemeenskap nodig om misdaad doeltreffend te beveg en voorkom."

In Stellenbosch het sowat 40 mense, meestal in rooi geklee, van die Braak na die plaaslike polisiekantoor geloop.

Mnr. Willem Lubbe (85) het die memorandum aan brig. Thethi Mene, Stellenbosch se pas aangestelde stasiebevelvoerder, oorhandig.

Lubbe se vrou, Dorothy (80), is verlede Maart tydens 'n rooftog met 'n skroewedraaier in haar slaap gesteek.

"Ons is 'n klein groepie, maar ons is hier om vir jou te sê hoe ernstig ons is oor misdaad," het Lubbe aan Mene gesê.

"Ons waardeer wat die polisie doen, maar hulle kan 'n bietjie meer doen."

Mene het hul erns met misdaad verwelkom. "Die feit dat ek julle hier sien staan, wys vir my julle wil ons help," het sy gesê.

Gisteraand omstreeks 18:00 het sowat 50 inwoners van Gordonsbaai langs die see bymekaargekom en ook daar 'n memorandum aan die plaaslike polisie oorhandig.